# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30**

## Elke oorwinning kom net van die Here!

**Skriflesing:** Psalm 20;
Op 19:11-16;
Deut 17 en 20

**Teksvers**:
Psalms 20:8

**Sing**:
Ps 98:1,2,3
Ps 32:3,5
Ps 33:9,11
Ps 20:1,5,7
Ps 147:4,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Gewoonlik kyk mense maar bietjie neer op 'n donkie. Selfs spreekwoordelik is die donkie maar lui en steeks. Gee my veel liewer die krag van 'n perd en sy ruiter en ek sal beter doen, verder vorder meer oorwin.

Dit is alles menslike gedagtes. God het nie iets of iemand nodig om sy plan uit te voer of oorwinnings te behaal nie. Juis omdat ons nie kan nie, doen Hy dit self. Selfs in die alledaagse gewone dinge kan ons maar net op die Here vertrou en op dié manier totaal anders wees as die mense van die wêreld onder wie ons lewe en oorlewe!

**SONDAGAAND 18:00**

## Selfvoldaanheid teenoor Afhanklikheid

**Skriflesing:**
Mat 5:1-12; Ps 34

**Teksvers:**
Mat 5:3; Psalm 34:9-11

**Sing**:
Ps 90-1:1,2
Ps 131-1:1-3
Ps 131-1:4,5,17
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Dikwels is ons so selfvoldaan oor wat ons bereik en vermag het. Hetsy of dit in my werk, gesin, finansieel of selfs kerklik is. So maklik om in gemaksugtigheid te leef.

Hoe wil God hê moet ons hieroor dink?

- Selfvoldaanheid voor God
- Afhanklikheid van God
- Goedheid van God




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 46 Nr 17 23 Mei 2021**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## *PINKSTER:*

## *Vervulling met die Heilige Gees (Ef 5:18)*

Tydens die Pinksterfees (Oesfees) in Jerusalem word die Heilige Gees uitgestort op al God se kinders. Die eersteling van die volle oes van die offerwerk van Christus! Vroeër kon net sekere mense sporadies aanspraak maak op die krag van die Heilige Gees (Dink aan Simson en ander profete). Nou mag elkeen weet dat, as jy tot geloof gekom het, dan *woon* die Heilige Gees in jou. Dan geld die woorde van die Here aan Josua in *Deut 31:8 –"Ek sal jou nie begewe of verlaat nie".*

Ons moet dus aanvaar dat die Gees net één keer uitgestort is. Dus kan 'n gelowige nie méér van die Heilige Gees kry nie. *Vervulling van/met die Heilige Gees* gaan nie om meer Gees nie. Jy kan nie méér Gees kry nie. So kan mens ook nie méér geloof kry nie. Om dus te bid vir nog 'n uitstorting van die Gees, nog 'n pinkster-ervaring, sal nie Bybel wees nie.

As die Gees aan ons wedergeboorte en geloof gee, dan is dit gegee. Daarmee saam kom 'n groot *verantwoordelikheid*. As die mosterdsaad van die geloof geplant is, kan die saadjie nie groter nie, maar dit kan wel ontkiem en vrugdra.

*Die gawe is die genade van geloof deur die Gees.*

*Die verantwoordelikheid is die gehoorsaamheid deur die Heilige Gees.*

In plaas dus om te bid vir meer geloof, wil die Here dat ons bid vir meer gehoorsaamheid! Meer toewyding. Meer tyd en soeke na die groei van die saad. Méér van jouself aan die Gees gee…

Dan roep Pinkster ons nie op tot 'n nuwe uitstorting nie, maar tot 'n nuwe *gehoorsaamheid* en gevolglik die noodwendige vrugdra wat by die bekering pas .

Geseënde Pinksterfees! Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Meer as oorwinnaars!**

Kantoorure: Ma— Vry 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*






**GEESTELIKE OPBOU**

GK Centurion

**30 Mei 2021**
om 19:00

Wat is die "***Woke-kultuur"***

*Aangebied deur ds Lourens*

## Vrydagwinkel 28 Mei 2021

**DROË VRUGTE**

Bestel by LYDIA 066 593 8257
voor 26 Mei 2021
Kom haal jou bestelling vanaf 15:00

- Ongeskilde/Gemaalde perskes R45
- Geskilde perskes R60
- Pruimedante R45
- Gemengde vrugte R50

Gereformeerde Kerk Centurion
Fondsinsameling vir die susters projekte
Covid-Protokol geld

## Vrydagwinkel 28 Mei 2021

**KERRIE EN RYS**

Bestel by LYDIA 066 593 8257
voor 26 Mei 2021

Kom haal jou bestelling vanaf 15:00

**R40,00**

Gereformeerde Kerk Centurion
Fondsinsameling vir die susters projekte
Covid-Protokol geld

VIR JONGMENSE

## *JUVENTUS*

**DONDERDAG 27 MEI - 19:00**



## **VAKANTE POS – KOSTER** (miv 1 Junie 2021)

Pligte van die Koster van GK Centurion dek al die vlakke waarop die kerk funksioneer en lê op die terrein van opdragte uitvoer, kontrole uit oefen, veiligheid daar stel, eiendom beskerm en beveilig, instandhouding van fasiliteite, tuine en koördinering van die twee algemene werkers se take deur opdragte te gee en die uitvoering daarvan te kontroleer.

Die Koster moet altyd beskikbaar wees, geen tydskaal is gekoppel aan die pos nie. Die privaatheid van die Koster sal ten alle tye respekteer word, maar die pos van die Koster is omvangryk en behels baie fasette wat baie tydrowend is. Die Koster van die Gereformeerde Kerk Centurion sal die pos vanuit 'n perspektief van geroepenheid beskou.

**Opsomming van belangrikste take:**

- Die Koster is verantwoordelik vir die sekuriteit van die kerk, maak nie saak watter geleentheid dit is nie. Hy is verantwoordelik vir die oop- en toesluit van die geboue tydens alle funksies/vergaderings en moet toesien dat die alarm geaktiveer is aan die einde van die funksie/vergadering.
- Oop- en toesluit van kerkgebou vir gemeente/privaat funksies.
- Netheid van geboue en terrein.
- Instandhouding van geboue en terrein en moet toesien dat gebreke nagegaan en herstel word nadat goedkeuring ontvang is van Instandhoudingskommissie.
- Dien op Instandhoudingskommissie.
- Opstel van sleutelregister en hantering van duplikaatsleutels.
- Weeklikse uithaal van pos.
- Maandelikse deurgee van elektrisiteitslesings aan stadsraad.
- Maandelikse deurgee van selfoontorings se elektrisiteitslesings aan kassier.
- Toesighouding oor die twee algemene werkers.

**Kandidaat**

Moet 'n lidmaat van GK Centurion wees, of bereid wees om by die gemeente aan te sluit.

**Vergoeding**

Die Koster ontvang 'n salaris (R5 000pm). 'n Honorarium word betaal vir addisionele dienste soos begrafnisse en privaatfunksies. Koster se teenwoordigheid word deurentyd verlang voor en gedurende funksies.

**Aansoeke:**

Aansoeke/navrae kan gerig word aan **kerkkantoor@gkcenturion.co.za.**

**Sluitingsdatum is 23 Mei 2021**

## Susters aan die brei!

Die winter is op ons en verseker is die breinaalde kliphard aan die werk. Daar is altyd nood en ons Susters voorsien jaarliks waar daar nood is. Enige gebreide bedsokkies, handmoffies, serpe, musse, ens, asook kindertruitjies van enige grootte vir enige geslag, is in aanvraag.

Die klaargebreide items kan in die houer agter in die saal geplaas word of vooraf met Magda Erwee (082 467 8376) geskakel word. Ons sal graag aan die begin Junie dit wat ingekom het, wil begin uitdeel waar dit nodig is.

Dankie vir die wat reeds so fluks gebrei het en vir die ander wat nog besig is. Lekker brei!



## *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Quinten en Loura Bye sterk tuis aan met Covid (C5—079 886 3325).
- Ben Vorster is in die hospitaal met Covid, sy vrou Max is tuis in afsondering (A15—651 5352).
- Magriet Erasmus ondergaan die week 'n rugoperasie (B12—082 855 4217).
- Bauke Dijkstra sterk aan in die Urologiese hospitaal (B7—664 4508).
- Rita van der Vyver sterk aan na 'n rugoperasie te Midstream hospitaal (B8—658 0121).
- Meelewing word betuig met:
  - Pieter en Sonja vd Dussen, en familie na die afsterwe van Sonja se broer.
  - Dewald en Sonia Maritz en familie na die afsterwe van Sonia se ouma.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

Liana Venter en Janes van Rooy wat 29 Mei in die huwelik bevestig word .

## *Katkisasie by die kerk*

Vandag: Les 9 & 10, Ps 118:1—Graad R tot 3

Volgende week: Les 10 & 11, Ps 118:1— Graad 4 tot 7
Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

Navrae: Pieter van der Dussen 082 416 7188 / vddussenpieter@gmail.com

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

## Kerkkamp

**8-10 Oktober,**
Udolpho Rivierplaas, Parys
(www.udolpho.co.za)

Tariewe is soos volg:

- Kampstaanplek: R380pn vir 5 persone
- 5 Bed chalets R800pn
- 4 Bed chalets R640pn

Belangstellendes kontak
PW Groenewald 082 899 0342

**DIE AARDE EN ALLES WAT DAAROP IS... BEHOORT AAN DIE HERE PSALM 24:1**

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@ gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

## TEOLOGIESE STUDIES 2022

***Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 Junie 2021***

Persone wat predikante in die GKSA wil word, moet met die goedkeuring van sy kerkraad, vóór einde Junie van die voorafgaande jaar, aansoek by die Kuratore doen om toegelaat te word tot die predikantsopleiding.

Aansoekvorms kan by die registrateur van die Teologiese Skool aangevra word by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za Volledige aansoeke moet dan teen **30 Junie 2021** by die registrateur ingedien word.

Die aansoeker moet ook aanlyn aansoek doen by die NWU vir toelating tot die BDiv program. Die aansoeke vir toelating tot die NWU is nou oop.

Al die nodige inligting is in die aansoekvorm te kry. 'n Belangrike deel van die proses is die skryf van keuringstoetse. Kontak die NWU se kantoor vir Studentevoorligting en Ontwikkeling. Die aansoeker ontmoet in September die Toelatingskommissie van die Kuratore, wat oor sy toelating of nie, besluit.





## *VERJAARSDAE*

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 Mei | Alta | de Beer | B10 | 27828795454 |
| 24 Mei | Paul | Roux | A13 | 27832518582 |
| | Elma | Faber | C07 | 27845481859 |
| | Martin | van Rooyen | C15 | 27828242545 |
| | Jurgens | Swanepoel | B18 | 27764278313 |
| 25 Mei | Andre | Celliers | A14 | 27721233573 |
| | Maxie | de Lang | C14 | 27822666973 |
| | Willem | van Tonder | C04 | 27824331914 |
| | Jan | Myburgh | A04 | 27824120129 |
| | Liz | vd Smit | B06 | 27828472204 |
| 26 Mei | Alida | Viljoen | A12 | 27793182224 |
| | Thys | Maree | C02 | 27732549266 |
| 27 Mei | Hilda | Kaiser | C06 | 27827727718 |
| | Lettia | Bloemhof | A12 | 27827006398 |
| | Elize | Pretorius | A12 | 27726212988 |
| 28 Mei | Cesilia | du Plessis | A07 | 27739425533 |
| | Willem | Myburgh | B11 | 27813615936 |
| | Heidie | vd Walt | A13 | 27829028032 |
| | Tia | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| | Quintin | vd Walt | B01 | 27823335330 |
| 29 Mei | Ben | Erasmus | C07 | 27832810861 |
| | Pieter | Pelser | B05 | 27836817466 |
| | Annerie | Nöthling | A11 | 27761457124 |
| | Rudi | Venter | A16 | 27812181699 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 Mei | Ava | Daniels | E01 | 27711352420 |
| 26 Mei | Filippa | Vermeulen | A05 | 27833188952 |
| 27 Mei | Charne | Nel | B18 | 27833241893 |
| 29 Mei | Janco | Snyman | B10 | 27723455880 |
| | AB | Styger | B01 | 27832260285 |

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00 (daar word nie uitnodigings uitgestuur vir die aanddienste nie, lidmate is welkom om dit te kom bywoon).

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

| 23 Mei | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A09 tot A16 | A01 tot A08 |
| B11 tot B19 | B01 tot B10 |
| C09 tot C15 | C01 tot C08 |

| 30 Mei | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A08 | A09 tot A16 |
| B01 tot B10 | B11 tot B19 |
| C01 tot C08 | C09 tot C15 |

## BYBELS BESKIKBAAR

Bybels in al die amptelike tale is tans beskikbaar by die kerkkantoor: R135 (hardeband) en R70 (sagteband). **Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.**

**Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** (verwysing Biblos) en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n Bybel.

## Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** (verwysing boeke) en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n Almanakboek.